BYBELSTUDIE OPENBARING LES 9 [TIATIRA].

Tiatira was die kleinste en onbelangrikste van die sewe stede. Die brief is egter die langste van almal. Dit is weens die lang middeldeel wat aan die dwaling van ’n profetes gewy is. In 190 v.C. is Tiatira [die huidige Akhisar] deur die Romeine verower. Stabiliteit het ingetree en die handel in die stad het sterk ontwikkel. Hierdie stad het gewemel van tekstielwerkers, skrynwerkers, pottebakkers en leerlooiers en was bekend vir sy groot hoeveelheid vakbonde wat na die werkers se belange omgesien het.
Elke vakbond [of gilde] het ’n eie god of godin as beskermer gehad. Christene wat nie aan die vakbond van sy groep behoort het nie, het finansieel geen toekoms gehad nie. Dié wat wel aangesluit het, het gou in die moeilikheid beland indien hulle geweier het om aan die onsedelike feeste van die vakbonde deel te neem. Gelowiges moes dus kies: óf saamspeel en die Here misken, óf uitgesluit word en ly!
Die songod Apollo is in Tiatira aanbid. Omdat Apollo ook as die beskermgod van die keiser beskou is, was daar nie so ’n groot mate van keiserverering of –aanbidding in Tiatira nie. Daar was wel ’n groep Jode teenwoordig. Lidia het juis in Tiatira die Joodse geloof aangeneem [Hand.16].

BYBELSTUDIE OPENBARING 2:18-29 [TIATIRA].

1. LEES: Vers 18-29.
   Ook die brief aan Tiatira is volgens ’n bepaalde patroon geskryf. Die volgende elemente word aangetref:
   Die adres [18a].
   Die selfbenoeming van die Here [18b].
   Dit wat die Here vir die gemeente sê:
   - Wat Hy van die gemeente weet [19a].
   - Hulle sterk punte [19b en 19c].
   - Hulle swak punte [20a].
   - Oordeelsaankondiging [21a, 22a, 23a].
   - Bemoediging [25, 26, 27, 28].

   Die vermaning om te luister [29].
   Lees die brief en voltooi bostaande patroon.

2. LEES: Vers 18b – "So sê die Seun van God".
   Hier in vers 18 is dit die enigste keer in Openbaring dat Jesus "Seun van God" genoem word. In Openbaring 1:13 het Johannes gepraat van die "Seun van die Mens". Waarom word daar juis in die brief aan Tiatira gepraat van die "Seun van God"?
   [Gaan kyk 'n bietjie na die gode van Tiatira].

3. LEES: Openbaring 2:19; 1Timoteus 6:11; Hebreërs 10:36; Jakobus 1:4.
   Christus weet alles wat hierdie gemeente doen. Hy ken hulle liefde, geloof, diensvaardigheid, volharding en weet dat hulle nou meer doen as tevore.
   Lees bogenoemde Skrifgedeeltes en voltooi die volgende sin met een woord:

   Die gemeente groei in.....!

4. LEES: Openbaring 2:20; 1Konings 16:31-34; 21:25-26; 2Konings 9:22.
   Ten spyte van al die mooi dinge in die gemeente, was daar ook dinge wat verkeerd was. Die gemeente laat die vrou Isebel begaan.
   - Wie was hierdie Isebel?
   - Wat is die probleem met Isebel in die gemeente?
   - Wat is die Here se reaksie?

5. LEES: Openbaring 2:24-25.
   Dit is nou die derde keer dat die briewe na Satan verwys. In 2:9 en 13 was dit die "sinagoge" en "troon" van Satan. In vers 24-25 praat Christus met die lidmate wat nie agter Isebel aangeloop het nie. Hulle ken nie "die diep geheimenisse van Satan" nie. Wat bedoel die Here met hierdie uitdrukking: *die diep geheimenisse van Satan*?

6. LEES: Openbaring 2:26-27; Romeine 6:11 en 12-13.
   Dit val op dat die oorwinningsdeel van hierdie brief langer is as die eerste drie briewe. Dáár was dit 'n belofte sonder voorwaarde. Hier is dit 'n belofte met 'n voorwaarde, naamlik: om "tot die einde toe vol te hou om te doen wat Ek wil hê". In die Grieks staan daar letterlik: *om My werke te bewaar*.
   Wat beteken dit om Christus se werke te bewaar?

7. Som die boodskap van die brief aan Tiatira op in u eie woorde.

ANTWOORDE.

1. Adres: Aan die gemeente in Tiatira [18a].
   Die selfbenoeming van die Here: Christus is die Seun van God.
   Sy oë vlam soos vuur.
   Sy voete is soos geelkoper [18b].
   Dit wat die Here vir die gemeente sê:
   Wat Hy van die gemeente weet: Hy weet alles wat hulle doen [19a].
   Hulle sterk punte: Hulle liefde, geloof, diensvaardigheid en volharding.

Hulle doen meer as tevore [19b].
Hulle swak punte: Hulle laat die vrou Isebel begaan [20a].
Oordeelsaankondiging: Isebel het ’n kans gekry om haar te bekeer [21a].
Ek gee haar aan ’n siekbed oor [22a].
Haar volgelinge word deur pessiekte om die lewe gebring [23a].
Bemoediging: Hou net vas wat julle het totdat Ek kom [25].
Aan julle gee Ek mag en gesag oor die nasies [26].
Hy sal hulle met ’n ystersepter regeer [27].
Wie oorwin, ontvang die môrester [28].
Die vermaning om te luister: Luister na die Gees [29].

2. In Tiatire is die twee “seuns” van die god Zeus vereer, naamlik Titimnos, die beskermheer van Tiatira en die keiser self. Daar is geglo dat beide seuns van Zeus was. Om Jesus dan juis in hierdie brief “die Seun van God” te noem, sou beteken dat Johannes wil sê dat dit eintlik Hy is wat die Seun van die lewende God is.
3. Die gemeente groei in **heiligmaking**!
4. Isebel was ’n vrou en het haarself ’n profetes genoem. Op die wyse het sy die Woord van die Here vir die mense gebring. Isebel was nie haar werklike naam nie maar ’n simboliese naam wat verwys na Isebel in 1Konings 16. Sy was die heidense dogter van die koning van Sidon en is met Agab getroud. Sy het haar gode, Baäl en Astarte, saamgebring en die volk van God tot onsedelikheid verlei. Op dieselfde manier het Isebel die lidmate in Tiatire geleer: sluit aan by die vakbonde, eet die afgodsoffervleis en wees onsedelik of krepeer van ellende.
   Die Here was ontevrede omdat die gemeente vir Isebel toelaat om haar gevaarlike leer te verkondig. Die gemeente moet Hom alleen dien. In sy groot genade gee Hy Isebel tyd vir bekering, maar sy wou nie. Daarom kry sy ’n dodelike siekte wat sy as gevolg van haar onsedelikheid opgedoen het. Die gemeente word gewaarsku dat hulle dit ook sal opdoen as hulle hul nie bekeer nie.
5. Isebel en haar volgelinge het daarop aanspraak gemaak dat hulle meer weet aangaande God as die ander lidmate. Jy moet deel van hulle groep word om hierdie spesiale kennis te kry. Dié kennis was noodsaaklik om salig te word. Die Here verwys spottenderwys na hierdie sogenaamde kennis as die “dieper kennis van Satan”. Geloof in die opgestane Jesus Christus is voldoende. Daarom moet die Christene tot by die wederkoms aan die Here vashou.
6. Om Christus se werke te bewaar, is veel meer as om gehoorsaam te wees aan Hom. Dit gaan oor navolging. Jesus Christus se dade moet die model wees vir my lewe. Daarvolgens moet ek leef. Dit sluit sterk aan by Paulus se gedagte dat ons deur die doop en die geloof met Christus verenig is sodat ons aan sy opstandingslewe deel kry en Hy eintlik in en deur ons lewe. Dit is sy gawe en opdrag aan ons [Rom.6:11, 12-13].

7. Ons as gelowiges moet onsself nie onderskat nie. Jesus Christus kan met sy kinders tevrede wees [2:19, 24-25] juis omdat Hy ons lewe is en ons sy dade uitleef. Ons heers ook saam met Hom en moet nie meelopers in die gemeente verduur nie.

****